Veeboer van die Jaar 2012

MOLATEK

# Molatek Veeboer van die jaar toekenning

## 1 ste Plek / 1st Place

Vanjaar was weereens baie kopkrap aangesien al die boerderye wat besoek is op uitstaande vlak funksioneer. Die goue draad wat deur al die finaliste se ondernemings te bespeur is dat hul die basiese goed regdoen, en nie net beplan om dit te doen nie maar wel doen!



Eerste plek gaan aan die Neuman broers van Vrede wat hoofsaaklik op veld boer en kontantgewasse primêr verbou as deel van die kudde se voervloei. Rodney en Leonard het 'n Fries melkery en Drakenberger kudde as grootvee en die kleinvee vertakking bestaan uit Merinos. Die baie streng teelbeleid met duidelike doelwitte waarvan nie afgewyk word nie en die uitvoering van hul planne het hierdie boerdery oor jare tot 'n modelboerdery gevoer. Gavie Gertenbach bedien die Neuman broers. Baie Geluk !

**Leonard & Rodney Neuman - Vrede**

## 2 de Plek / 2nd Place

Congratulations to John Miller of Cathcart who was nominated by Peter Webster with a well deserved second place. John farms under real harsh veldt conditions with a Merino flock and South Devon Herd. The utilization of BLUP is evident on this farm. The opening of an alternative market with rams in the former Transkei / Ciskei area while training upcoming farmers in the process is noteworthy. Well Done John !



**John Miller – Cathcart**

## 3de Plek / 3rd Place



Derde plek na die mooi suidkaap van George Traut waar Jan & Arno Schoonwinkel 'n uitstaande Jerseykudde bedryf. Die Dohne Merino kudde vind goeie aansluiting by hul kontantgewasverbouing met 'n voerkraal wat hul eie aanteel bemark. Deur net die voerkraal te besoek besef mens hierdie Pa & Seun boerdery se vlak van bestuur merkwaardig is. Wel gedaan Jan & Arno

**Jan & Arno Schoonwinkel**

## Meriete Sertifikaat vir Innovasie



Corné Rust van Mooreesburg wat deur DW Gilomee nomineer is ontvang 'n Merietesertifikaat vir Innovasie, hierdie toekenning word net in uitsonderlike gevalle gedoen waar die beoordelaars iets merkwaardig sien. Corné se natuurlike hulpbronne bied nie baie opsies nie en nieteenstaande presteer sy Sussex en Merino kuddes uitsonderlik. Die terminale kruisteling tesame met die waagmoed projek om sy arbeiders te bemagtig laat mens besef ons gaan nog weer van Corné se boerdery hoor. Hou so aan Corné !

**Corné Rust - Mooreesburg**